higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

(5030083)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

381Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Versorger is ’n persoon wat …

A daarin belangstel om na kinders te kyk.
B kinders, bejaardes of gestremdes versorg.
C kinders waarneem om hul behoeftes te evalueer.
D kinders by partytjies vermaak.

1.2 Die COVID-19-entstof word gewoonlik … toegedien.

A deur inspuiting
B deur die mond
C deur ’n skrapie op die vel
D deur inaseming

1.3 Wanneer ’n kind se vordering met die ouer bespreek word, …

A bespreek slegs die positiewe aspekte.
B wees eerlik, maar neem die ouers se gevoelens in ag.
C gebruik vakterminologie om die ouers te beïndruk.
D bespreek slegs die negatiewe aspekte.

1.4 Tekens en simptome van ragitis:

A Geel tande en bloeiende tandvleis
B Blaasagtige uitslag op die gesig en lyf
C Bleek gelaat en geel oë
D Sagte, swak bene wat bakbene veroorsaak

1.5 Hierdie huishoudelike item word as gevaarlik beskou:

A Glyvaste badmatjie
B Insekspoei
C Kas wat gesluit is
D Badtermometer

1.6 Dit is NIE ’n tipe mishandeling nie:

A Om ’n kind te slaan
B Om aanhoudend vir ’n kind te skree
C Om onvanpas aan ’n kind te vat
D Om ’n kind te dissiplineer omdat hulle parmantig is

Kopiereg voorbehou

1.7 Hoe om klein kinders veilig te hou:

A Los klein voorwerpe op die vloer sodat die kinders dit kan kry.
B Hou alle skoonmaakmiddels op ’n lae rak.
C Los alle elektriese proppe onbedek.
D Plaas groter blokke op die onderste rak vir kinders om te gebruik.

1.8 ’n … word vir ’n nuwe ma gegee wanneer ’n baba gebore is.

A Kindersorghandboek
B Pad na gesondheid-kaart/-boekie
C Babakontrolelys
D Kliniekkaart/-boekie

1.9 ’n Professionele persoon wat hulp kan verleen vir ’n kind wat misbruik word:

A Berader
B Jonger suster
C Jonger broer
D Enige volwassene

1.10 NKRK ('NCRC') staan vir …

A Nasionale Krimineleregtekomitee.
B Nasionale Gemeenskapsregtekomitee.
C Nasionale Konferensieregtekomitee.
D Nasionale Kinderregtekomitee.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 ’n Oordosis yster kan dodelik wees.

2.2 ’n Kind se MIV-status moenie met ander ouers gedeel word nie.

2.3 KPR staan vir kardiopulsresussitasie.

2.4 COVID-19 beïnvloed hoofsaaklik armer gemeenskappe.

2.5 Kinderlyn is nie ’n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie wat daartoe verbind is om kinders te beskerm nie.

2.6 Koring is ’n voorbeeld van kos wat ’n allergiese reaksie kan veroorsaak.

2.7 Kindervoorspraak verwys na organisasies en mense wat kinderregte beskerm.

Kopiereg voorbehou

2.8 ’n Gevoelige kind is gewoonlik baie sterk.

2.9 Die ideale badtemperatuur is tussen 38 °C en 40 °C.

2.10 Moet nooit agter ’n motor loop wat agteruit ry nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Ernstige tekort aan vitamien C kan dit veroorsaak	A	dehidrasie
3.2	Dit gebeur wanneer die lugvloei beperk word weens eksterne druk om die nek	B	kultuurgemeenskap
3.3	’n Groep mense wat ’n taal, etnisiteit of godsdienstige oortuiging deel	C	skeurbuik
3.4	Die naam wat vir ’n Joodse leier gegee word	D	allergeen
3.5	Iets wat by sommige mense ’n allergiese reaksie sal veroorsaak	E	sterilisering
3.6	Die liggaam verloor vloeistof en kan nie ordentlik funksioneer nie	F	projektiel
3.7	’n Ander naam vir Duitse masels	G	skroeiwond
3.8	Wanneer ’n kind ’n sterk stroom braak	H	rubella
3.9	’n Brandwond wat deur stoom veroorsaak word	I	verwurging
3.10	’n Metode om bottels higiënies skoon te maak	J	kindermishandeling
		K	rabbi
		L	maatskaplike werker

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

veilige sone; enkelvoudige gesin; Departement van Maatskaplike Ontwikkeling; klim; Hindoeïsme; moeder na kind; aar; sonder toesig; Departement van Gesondheid; bloeding; VKO-perseel; slagaar; insidentregister

4.1 Die … gee toegang tot kindertoelaes in die vorm van 'n maandelikse finansiële betaling.

4.2 Met jong kinders is dit goed om 'n … daar te stel terwyl maaltye voorberei word.

4.3 'n Kind kan in 'n baie kort tydperk verdrink wanneer hulle … gelaat word.

4.4 Dit is beter om sagter oppervlakke onder …-toerusting te hê om beserings te voorkom wanneer kinders val.

4.5 As bloed helderrooi is en uitspuit, is dit bloeding uit 'n …

4.6 Die … kan 'n kostuin oprig waar die sentrum en die gemeenskap die voordeel van vars groente en vrugte kan benut.

4.7 'n … is 'n rekord van ongelukke wat by die sentrum plaasvind.

4.8 Die oordrag van MIV/VIGS van … is verantwoordelik vir 90% van infeksies by kinders onder die ouderdom van 15.

4.9 'n … bestaan uit 'n moeder, vader en kinders.

4.10 Stop oormatige … deur 'n skoon depper styf op enige wond te druk.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Verduidelik hoe ’n dagsorgsentrum vir die volgende regte van jong kinders voorsiening kan maak:

a) Basiese voeding (3)

b) Opvoeding (3)

c) Beskerming (4)

5.1.2 Gee VYF redes hoekom die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling ’n VKO-sentrum sou sluit. (5)

5.2 Noem VIER faktore wat diversiteit beïnvloed. (4)

5.3 Wat is die voordele daarvan as ’n kind saam met ’n au pair by die huis bly? (4 × 1) (4)

5.4 Wat noem ’n mens ’n dokter wat in kindersiektes spesialiseer? (1)

5.5 Noem VIER verskillende tipes verwaarlosing. (4)

5.6 Noem TWEE goed wat ’n mens in die bad kan sit om te verhoed dat ’n kind gly. (2)
[30]

VRAAG 6

Lees die volgende scenario’s en identifiseer die verskillende gesinstrukture:

6.1 6.1.1 Mev Madikizela, Eddy se klasonderwyser, wil hê albei sy ma’s moet met haar kom gesels oor sy assessering.

6.1.2 Mnr Didi het hulp van sy buurman nodig om Luvo by die skool te gaan haal, aangesien mnr Didi se vrou onlangs oorlede is en hy nie etenstyd by die werk kan wegkom nie.

6.1.3 Ouma en Oupa het by die Dekede-gesin ingetrek.

6.1.4 Gina se pa het besluit om weer te trou nadat sy vrou drie jaar gelede oorlede is.

6.1.5 Camilla is deur owerhede van gesin na gesin geskuif en bly nou vir ’n kort rukkie by ’n nuwe gesin.

(5 × 1) (5)

6.2 6.2.1 Dink jy mans het ’n plek as praktisyns in vroeë kinderontwikkeling? (1)

6.2.2 Staaf jou antwoord in VRAAG 6.2.1. (2)

Kopiereg voorbehou

6.3 Verduidelik die uitdagings wat 'n VKO-sentrum kan hê met kinders van verskillende kulture en tale. (4 × 2) (8)

6.4 Watter uitdagings kan 'n enkelma hê om haar jong kinders groot te maak? (3 × 2) (6)

6.5 Noem VIER aktiwiteite wat in 'n VKO-sentrum gedoen kan word om diversiteit in kultuur en godsdienstige oortuigings te bevorder. (4)

6.6 Verduidelik hoe 'n gesin voldoende gesondheidsorg vir hul kinders kan bied. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 7

7.1 Voltooi die tabel hier onder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (7.1.1–7.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

GESONDHEIDS-PROBLEEM	SIMPTOME	BEHANDELING
Kopluise	(7.1.1)	(7.1.2)
Impetigo	(7.1.4)	(7.1.3)
Lintwurm	(7.1.6) (7.1.7)	(7.1.5) (7.1.8)
Waterpokkies	(7.1.9)	(7.1.10)

(10 × 1) (10)

7.2 Noem VYF maniere waarop siektes versprei word. (5)

7.3 7.3.1 Wat is die *immuunstelsel*?

7.3.2 Hoe werk die immuunstelsel?

7.3.3 Wat is 'n *entstof?*

7.3.4 Hoekom is dit belangrik om 'n baba in te ent?

(4 × 2) (8)

7.4 Definieer die term *hardlywigheid*. (2)

7.5 Hoe sal jy 'n bababottel se tiet skoonmaak? (2)

7.6 Gee DRIE higiënereëls vir toiletgewoontes wat by 'n opvoedingsentrum gevolg moet word. (3)

[30]

VRAAG 8

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: https://www.alamy.com /healthy-food-pyramid-infographic-pictures-with-visualization-of-different-groups-of-nutritions-from-food-image357510410.html]

8.1 Identifiseer die verskillende voedselgroepe (8.1.1–8.1.4) in die ANTWOORDBOEK. (4)

8.2 Wat is *voedselvesel*? (2)

8.3 Noem VIER kosse wat ’n goeie bron van vesel is. (4)

8.4 Hoekom is vesel so belangrik in ’n kind se dieet? (5)

8.5 Vingerkos is ’n baie goeie manier vir ’n kind om hul kos te verken terwyl hulle eet.

Noem VIER geskikte maaltye vir ’n 18-maande-oue kleuter. (4)

8.6 Verduidelik die term *kwasjiorkor.* (2)

8.7 Hoe kan die regering help om ’n volk van gesonde kinders uit te brei? (3 × 2) (6)

8.8 Noem DRIE beperkings in ’n Joodse dieet. (3)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9

Bestudeer die staafgrafiek hier onder en beantwoord die vrae.



9.1	9.1.1	Wat is die grootste oorsaak van sterfte volgens die statistieke in die bogenoemde grafiek?	(1)
	9.1.2	Wat is die moontlike redes vir padongelukke waarin jong kinders betrokke is?	(3)
	9.1.3	Wat is die derde grootste oorsaak van sterfte volgens die grafiek?	(1)
	9.1.4	Wat is die moontlike redes vir hierdie ongelukke in VRAAG 9.1.3?	(3)
9.2		Verduidelik hoekom kindertoesig so belangrik is.	(2)
9.3		Teddy's Educare het pas hul skool geopen. Hulle het speelgrondtoerusting (buite) gekoop by 'n dagsorgsentrum wat gesluit het. Gee vir Teddy's Educare raad met betrekking tot veiligheidskwessies van speelgrondtoerusting. (5 × 2)	(10)
9.4		Noem SEWE simptome van skok.	(7)
9.5		Watter inligting moet verskaf word wanneer vermoedelike mishandeling of verwaarlosing aangemeld word?	(3)
			[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou